PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE NED. GEREF. KERK IN SUID-AFRIKA
https://www.ppfkaapkerk.co.za / pensioen@kaapkerk.co.za / 021 957 7115
Registrasienommer: 12/8/3615 – Privaatsak X8, Bellville, 7535

Keuse van 'n beleggingsmodel
Inligting soos op 30 September 2023

Lede van die Predikante Pensioenfonds van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika (PPF) het 'n keuse (wat hulle ook van tyd tot tyd skriftelik kan wysig) oor hoe hulle bestaande fondswaarde en hulle maandelikse bydraes tot die pensioenfonds belê moet word. Hierdie dokument verduidelik dat die keuse bestaan uit die kies van 'n **model**. Om die modelle te verstaan, behoort die lid kennis te neem van die verskillende **portefeuljes** en die verskillende **bateklasse** in hierdie portefeuljes.

MODELLE

1. Lede se bydraes word in 'n spesifieke **model** belê.
   Daar is tans **twee** modelle:
   - Opsie 1: 'n Verstek **lewensfase** model.
   - Opsie 2: 'n Model volgens **eie keuse**.

   Lede is **outomaties** in die verstek lewensfase model (Opsie 1).

   Lede kan egter hulle eie model saamstel deur 'n keuse van portefeuljes en die blootstelling aan elkeen te maak (Opsie 2).

Verstaan die modelle:
- Verstek
- Eie keuse

Verstaan die portefeuljes:
- Langtermyn-portefeulje
- Konserwatiewe-portefeulje
- Inkomstebeskerming-portefeulje

Verstaan die bateklasse:
Plaaslik of Buiteland (Ontwikkeld of Ontluikend)
- Aandele
- Eiendom
- Infrastruktuur
- Effekte
- Kontant
- Krediet
- Privaat ekwiteite

PORTEFEULJES

2. Elke model bestaan uit 'n bepaalde **portefeulje** of 'n **kombinasie** van portefeuljes. Soos wat lede naderkom aan hulle aftrede, verander die blootstelling aan die verskillende portefeuljes in 'n spesifieke model. Die drie portefeuljes is
   - die **langtermyn**-portefeulje;
   - die **konserwatiewe**-portefeulje; en
   - die **inkomstebeskerming**-portefeulje.

   Lede wat **Opsie 2** se eie keuse beleggingsmodel gekies het, kan 'n keuse uitoefen ten opsigte van die portefeulje of kombinasie van portefeuljes waarin hulle pensioenfonds bydraes belê word.

BATEKLASSE

3. Elke portefeulje bestaan uit 'n kombinasie van **bateklasse**. Verskillende batebestuurders word gebruik om die verskillende bateklasse te bestuur.

   Lede het nie 'n keuse ten opsigte van spesifieke maatskappye of batebestuurders nie. Lede wat Opsie 2 as beleggingsmodel gekies het, het wel 'n keuse ten opsigte van die portefeulje of kombinasie van portefeuljes waarin hulle pensioenfonds bydraes belê word.

4. Dit verskillende **bateklasse** kan soos volg opgesom word:

Bateklasse	Batebestuurders
Suid-Afrikaanse Aandele ("*equities*")	Allan Gray, Coronation en Sanlam
Suid-Afrikaanse Effekte ("*bonds*")	Ninety One (Flexible Bonds, Credit Opportunities, Credit Income en Inflation Linked Bonds) Futuregrowth Infrastructure and Dev Bonds.
Suid-Afrikaanse Kontant	Ninety One (Money Market)
Suid-Afrikaanse Infrastruktuur	Stanlib Infrastructure
Multi-bate	Prescient Income Provider
Buitelandse Aandele ("*equities*")	Sygnia Diversified Global Developed Markets Equity Sygnia Diversified Emerging Markets Equity Stanlib MSCI Note
Buitelandse Eiendom	Sygnia Global Property (Resolution Capital)
Buitelandse Privaat Aandele	Sygnia Private Equity (OSI en Braavos III)
Buitelandse Infrastruktuur	Sygnia Global Infrastructure (Maple-Brown Abbott)

5. PPF-lede kan enige tyd – en soveel keer as wat hulle wil – van model verander. Lede kan ook by Opsie 3 (eie keuse) enige tyd aan die samestelling van die **portefeuljes** in die **model** verander. Elke verandering deur die lid aangevra kos tans **R402,50** (BTW ingesluit). Hierdie koste word van 'n lid se fondswaarde verhaal en word jaarliks deur Alexforbes hersien. Veranderinge word maandeliks op 'n lid se keuse van model toegepas. 'n Opdrag wat voor die einde van 'n maand ontvang word, sal vanaf die daaropvolgende maand gedoen word. Waar veranderinge aan die blootstelling aan 'n portefeulje oor die jare verander (volgens die model se samestelling) is die wysiging **gratis**. Koste is dus slegs 'n faktor as die lid van model verander en elke keer as hy in Opsie 2 aan die samestelling van die model verander.

6. Lede moet hulle beleggingskeuse op die voorgeskrewe vorm van Alexforbes doen. Kry die vorm op die PPF se webblad of vra een by die pensioenkantoor aan. Hierdie vorm moet dan (na voltooiing) weer na die pensioenkantoor gestuur word (per e-pos, per faks of per hand). Die direkte skakel is: http://ppfkaapkerk.co.za/ppfdoks/V_Beleggingskeuses_23.pdf

KONTAKBESONDERHEDE
Pensioenkantoor se telefoon: **021 957 7115** (Elodie van der Walt) – **8:00 tot 13:30**
E-pos: pensioen@kaapkerk.co.za of faks: **086 524 7153**

7. Alexforbes moet skriftelik (via die pensioenkantoor) bevestig dat die lid se keusevorm ontvang is. Indien die lid geen reaksie kry nie, moet die lid dit asseblief dringend met die pensioenkantoor (**021 957 7115 |** pensioen@kaapkerk.co.za) opvolg.

8. PPF-lede kan by Opsie 2 ook 'n onderskeid maak ten opsigte van hulle bestaande fondswaarde (geld wat hulle reeds in 'n spesifieke portefeulje belê het) en die bydraes wat nog gemaak gaan word. So sou die lid kon aandui dat die fondswaarde wat reeds opgebou is, in die konserwatiewe-portefeulje belê moet word, maar vra dat die nuwe bydraes (wat nog ingevorder gaan word) in die langtermyn-portefeulje belê moet word. Hierdie keuse is slegs moontlik by Opsie 2.

OPSIE 1: VERSTEK LEWENSFASE MODEL

9. Die verstek **lewensfasemodel** word as volg saamgestel uit die verskillende **portefeuljes:**

'n Lid in die verstek lewensfasemodel se fondswaarde word vanaf die lid se 57ste verjaarsdag elke maand bietjie-vir-bietjie na die konserwatiewe-portefeulje geskuif en vanaf die lid se 62ste verjaarsdag ook na die inkomstebeskerming-portefeulje.

Die lid sal op sy of haar 64ste verjaarsdag 30% in die langtermyn portefeulje, 40% in die konserwatiewe portefeulje en 30% in die inkomstebeskerming portefeulje hê.

Die verstek lewensfase beleggingsmodel kan as volg voorgestel word:



	8	7	6	5	4	3	2	1
Inkomstebeskerming							15%	30%
Konserwatief		10%	20%	30%	40%	50%	45%	40%
Langtermyn	100%	90%	80%	70%	60%	50%	40%	30%

Omdat die skuiwe elke maand gemaak word, lyk die grafiek eintlik as volg:



Die vermindering vanaf die langtermyn portefeulje geskied oor sewe jaar met klein aanpassings van 0,833% per maand vanaf ouderdom 57 (agt jaar voor aftrede) tot ouderdom 64 (een jaar voor aftrede). Vanaf ouderdom 62 (drie jaar voor aftrede) word daar 1,250% per maand na die inkomstebeskerming portefeulje oorgeplaas. Hiervan kom 0,833% uit die langtermyn-portefeulje en 0,417% per maand vanaf die konserwatiewe-portefeulje.

Opsie 2: Eie keuse Model

10. In die eie keuse model kan die lid self kies watter persentasie in watter **portefeulje** moet wees. Lede kan die portefeuljes kies – nie die batebestuurder (Allan Gray, Coronation) of die bateklasse (aandele, effekte, kontant) nie.

BELEGGINGSPORTEFEULJE		**"A" % Fondskrediet**	**"B" % Toekomstige Bydraes**
Langtermyn Portefeulje			
Konserwatiewe Portefeulje			
Inkomstebeskerming Portefeulje (Geldmark)			
TOTAAL		**100%**	**100%**

PORTEFEULJES

11. Bateklasse in die verskillende portefeuljes

Ondergenoemde persentasies is die huidige gekose strategiese bate allokasie. Dit is dus die riglyn. Soos die mark beweeg, kan die persentasies verander. Regstellings word van tyd tot tyd gemaak ten einde binne die strategiese bate allokasie te bly.

11.1 Langtermyn-portefeulje

Bateklas	Strategiese allokasie	Plaaslik / Buiteland
SA Aandele ("*Equities*")	28,00%	Plaaslik 55%
SA Infrastruktuur	5,00%	
SA Effekte ("*Bonds*")	17,00%	
SA Krediet ("*Credit*")	5,00%	
Internasionale Aandele DM	29,90%	Buiteland 45%
Internasionale Aandele EM	3,85%	
Internasionale Eiendom	3,85%	
Internasionale Infrastruktuur	5,10%	
Internasionale Private Ekwiteite	2,30%	
Totaal	**100%**	**100%**

11.2 Konserwatiewe portefeulje

Bateklas	Strategiese allokasie	Plaaslik / Buiteland
SA Aandele ("*Equities*")	17,00%	Plaaslik 70%
SA Infrastruktuur	5,00%	
SA Kontant ("*Cash*")	15,00%	
SA Krediet ("*Credit*")	15,00%	
SA Inkomste	18,00%	
Internasionale Aandele DM	19,60%	Buiteland 30%
Internasionale Aandele EM	2,50%	
Internasionale Eiendom	2,50%	
Internasionale Infrastruktuur	3,40%	
Internasionale Private Ekwiteite	2,00%	
Totaal	**100%**	**100%**

11.3 Inkomstebeskermings portefeulje

Bateklas	Strategiese allokasie	Plaaslik / Buiteland
SA Kontant ("*Cash*")	70%	Plaaslik 100%
SA Krediet ("*Credit*")	15%	
SA Inflasie-gekoppelde effekte	15%	
Totaal	**100%**	**100%**

OPBRENGS

Die verskillende portefeuljes se opbrengste kan – as gevolg van 'n besonder wisselende mark – taamlik vinnig verander. Onderstaande is die opbrengs soos gemeet oor 'n jaar (1 September2022 tot **31 Augustus 2023**) en die ander aangeduide termyne (geannualiseer)

Portefeulje	1 Jaar	3 Jaar	8 Jaar	Vanaf Jan 2008
Langtermyn	15,66%	13,45%	8,69%	10,15%
Konserwatief	13,47%	10,13%	8,55%	9,15%
Inkomstebeskerming	8,93%	6,59%	7,77%	7,90%

Die jongste opbrengste kan maandeliks op die Predikante Pensioenfonds se webwerf besigtig word: https://www.ppfkaapkerk.co.za/opbrengs/

Beleggingskeusevorm

Die vorm waarop die beleggingskeuse aangedui kan word, is op die PPF se webwerf beskikbaar: http://ppfkaapkerk.co.za/ppfdoks/V_Beleggingskeuse_23.pdf

VRYWARING

Hierdie dokument is gegrond op inligting soos wat dit op 30 September 2023 aan my bekend was. Dit bied nie finansiële advies nie. Dit dien slegs om die verskillende modelle en die portefeuljes te verduidelik (soos dit op 30 Junie 2023 gelyk het). Die Batebestuurders kan enige tyd hulle aandele blootstelling wysig (binne bepaalde raamwerke).

Die opbrengste in opbrengste-tabel is **historiese** opbrengste. Daar is geen waarborg dat hierdie opbrengs in die toekoms herhaal sal word nie. Dit wys egter ook duidelik hoe die langtermyn-portefeulje en byvoorbeeld die inkomstebeskerming-portefeulje se opbrengste verskil. Die Trustees van die PPF kan ook die strategiese bate allokasie verander. Lede van die PPF word dus aangeraai om van kundige finansiële adviseurs gebruik te maak en om die nuutste inligting van die pensioenkantoor aan te vra, voordat finansiële besluite geneem word.

Ds Bossie Minnaar
Hoofbeampte
083 270 521 | bossie@kaapkerk.co.za
30 September 2023